Zaaiman, SJ
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

# 'n Vergelyking van die Ned Geref Kerk se Kerkspieël-vraelyste[1]

**ABSTRACT**

**A comparison of the questionnaires of the Dutch Reformed Church's "Kerkspieëls" (surveys reflecting the state of the Church)**

Since 1981 the Dutch Reformed Church conducted several surveys collecting data on different aspects of the church. In this process questionnaires were constructed and administered to different segments of the church. This article focusses on these questionnaires. For each questionnaire aimed at a certain population in the church a table are presented in which the themes of that specific questionnaire are listed. These themes changed in the questionnaires of the different surveys over time and this is indicated in the tables. This presentation of the questionnaires' themes presents to researchers the opportunity to identify what themes were included when and where in the surveys. Furthermore this exposition indicates how changes were introduced to the themes in the questionnaires, indicating changes that occured in the Dutch Reformed Church over time. These changes are summarised in a table at the end of the article.

## 1. INLEIDING

Die Ned. Geref. Kerk het sedert 1981 'n verskeidenheid Kerkspieël-opnames[2] onderneem. In hierdie opnames is van verskillende vraelyste gebruik gemaak. Die fokus van hierdie artikel is 'n vergelyking van hierdie vraelyste. Daardeur word twee akademiese bydraes gelewer. Eerstens word 'n ontsluitingsmiddel geskep vir die eerste agt Kerkspieëls. Die Kerkspieëls se verskillende vraelyste se temas[3] word in tabelformaat langs mekaar gelys. Hierdie tabelle maak dit moontlik vir navorsers om te sien in watter Kerkspieël watter temas aangespreek is en watter vergelykingsmoontlikhede oor Kerkspieëls heen vir hierdie temas bestaan. Hierdie artikel vorm dus 'n ideale instrument wat die sekondêre ontleding van die Kerkspieëls se inligting bevorder en vergemaklik. Tweedens maak hierdie artikel tendense sigbaar wat spruit uit veranderings wat aan die vraelyste aangebring is. Die voortdurende verandering van vrae in die vraelyste hou verband met klemverskuiwings in die Ned. Geref. Kerk. Die aard van hierdie verskuiwings word deur die veranderings aan die vraelyste gereflekteer en in hierdie artikel uitgelig.

Die verskillende vraelyste wat in die Kerkspieëls gebruik is, word in Tabel 1 aangedui. Dit

1 Ds. Eugene Rautenbach van die Ned. Geref. Kerk Kakamas se waardevolle kommentaar op 'n vroeë weergawe van hierdie artikel word erken.

2 Hierdie artikel behandel nie Kerkspieël 2010 nie.

3 Hierdie verwysing na temas in die vraelyste hou verband met die feit dat vrae of stellings in vraelyste gewysig is, maar steeds met dieselfde tema verband hou. In 'n poging om die omvang van die tabelle te beperk en die interpretasie daarvan te vergemaklik, is dus besluit om eerder van temas gebruik te maak as om al die vrae of stellings in die vraelyste in die tabelle te lys. Hierdie tematiese indeling het ook 'n herkategorisering van die inhoud van die vraelyste in die tabelle vergemaklik wat verder die interpretering daarvan makliker gemaak het.

is net die gemeentevraelyste (ingevul deur die saakgelastigdes/skribas/kassiere/dagbestuur) wat in al die Kerkspieëls gebruik is. Die vraelyste aan wyke (die laaste keer in 2000 gebruik), huishoudings (die laaste keer in 1985 gebruik) en predikantsvroue (net in 1989 en 2004 gebruik) is nie meer in gebruik nie. Vraelyste aan predikante is in 1985 en kerkraadslede/leiers is in 1989 in gebruik geneem. Laasgenoemde is in 2004 onderbreek. ’n Erediensbywonervraelys is ook in 2006 gebruik.

**Tabel 1:** Vraelyste

| **Vrae-lyste** | **Kerkspieël** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1**<br>**1981** | **2**<br>**1985** | **3**<br>**1989** | **4**<br>**1993** | **5**<br>**1996** | **6**<br>**2000** | **7**<br>**2004** | **8**<br>**2006** |
| Saakgelastigdes/ Skribas/Kassiere/ Dagbestuur | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Huishoudings | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Wyke | X | X | X | X | X | X | - | - |
| Predikante | - | X | X | X | X | X | X | X |
| Kerkraadslede/leiers | - | - | X | X | X | X | - | X |
| Lidmate in erediens | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Predikantsvroue/-eggenotes | - | - | X | - | - | - | X | - |

In die Kerkspieël-verslae word verskillende redes vir hierdie verandering van vraelyste aangebied. Eerste veranderings is aangebring in die lig van “nuwe behoeftes van die opdraggewers en ontledings wat op die 1981-data uitgevoer is” en om die nuttigheidswaarde van die data te verhoog (KS 1985, 218). Daarna is die saamstel van die vraelyste veral beïnvloed deur die insette van verskeie kommissies. Die verslae meld dat hierdie insette die bruikbaarheid en waarde van inligting uit die vraelyste verhoog het (KS 1989, 163; KS 1993; 167; KS 1996, 187). Mettertyd het die doel, benadering en uitvoering van die Kerkspieëls verander om aan te pas by veranderde omstandighede, verskillende beklemtonings by verskillende navorsingspanne en begrotingsbeperkings. Die Kerkspieëls het dus ingespeel op die veranderde inligtingsbehoeftes van die Ned. Geref. Kerk en gepoog om die afgelope 29 jaar daaraan te voldoen. Hierdie veranderings is aan die verskillende Kerkspieëls se vraelyste aangebring. Veranderings aan vraelyste moet geskied in die lig van die vraelyste se aard.

## 2. AARD VAN VRAELYSTE

’n Vraelys is ’n meetinstrument. Vir ’n vraelys om geldig te wees, moet eenstemmigheid bestaan oor wát die vraelys meet. ’n Vraelys meet konsepte[4]. Die vrae of stellings in ’n vraelys is indikatore van die konsepte. Die vraag of stelling toon die teenwoordigheid, afwesigheid of die stand van die konsep aan. ’n Vraelys is dus die produk van ’n lang proses van ontwikkeling. Dit begin waar ’n teorie ontwikkel word as ’n omvattende verduideliking van ’n verskynsel in die samelewing. Ter verduideliking van ’n verskynsel gebruik ’n teorie konsepte as geabstraheerde elemente van die verskynsel wat bestudeer word. Vir hierdie konsepte moet dan indikatore gevind word sodat inligting oor die konsepte in die samelewing versamel kan word ter ondersteuning of weerlegging van die voorgestelde konsep se posisie in die teorie. ’n Vraelys is dus ’n versameling van hierdie indikatore.

Om die vrae of stellings in ’n vraelys te vertolk moet die teorie daaragter beoordeel word. Ongelukkig meld die Kerkspieël-verslae nie wat die teoretiese onderbou van die vraelyste was nie. Die verandering wat aan vrae in die vraelyste aangebring is, veronderstel dus konseptuele skuiwe, maar dit word nie in die verslae verantwoord nie. Hoewel die motivering wat in die verslae vir veranderings aan elke vraelys aangebied is, in die bespreking hieronder aan die orde gestel sal word, is dit so beperk in omvang dat dit uiteindelik tot gevolg het dat die motivering vir die vraelysveranderings onduidelik bly. Daar word byvoorbeeld gemeld dat veranderings aangebring is weens kommissies se bydraes, maar daar word nie gemeld watter kommissies dit was, watter veranderings hulle versoek het en wat die redes vir die versoeke was nie (KS 1989, 163; KS 1993, 167; KS 1996, 187).

Weens hierdie gebrek aan motiverende inligting vir die veranderings, kan hierdie artikel nie ’n oordeel vel oor die meriete of die teoretiese integriteit van die veranderings nie. Hierdie artikel vertoon dus net die veranderings wat in die vraelyste voorgekom het en lewer kommentaar, waar moontlik krities, daarop. Primêr bied hierdie artikel dus die veranderings aan as ’n spieël vir die kerk. Die wysigings aan die Kerkspieëls se vraelyste toon aan die kerk watter klemverskuiwings in die kerk voorgekom het.

In die volgende onderafdelings word elk van die Kerkspieëls se vraelyste met mekaar vergelyk. By elke vraelys word eers aangedui wat die Kerkspieël-verslae aangebied het as motivering vir die betrokke vraelys. Daarna word die temas wat in die vraelys voorgekom het in tabelformaat aangebied soos dit in elke Kerkspieël aangetref word. Die onderafdelings sluit dan af met ’n kort interpretering van die wysigings in vrae of stellings wat die betrokke tabel uitbeeld.

## 3. GEMEENTEVRAELYS

Die doel van die saakgelastigde/skriba/kassier/dagbestuurvraelys was om ’n algemene profiel van die gemeente te verkry. Inligting oor die grootste gedeelte van die gemeente se aktiwiteite is met hierdie vraelys versamel (KS 1989, 163, KS 1993, 167, KS 1996, 187, KS 2000, 125). In Kerkspieël 2004 is die doel meer spesifiek gestel, naamlik om ’n beeld te kry van die stand en funksionering van gemeentes binne die Ned. Geref. Kerk (KS 2004[5]). Die verslag meld dat meer oop vrae bygevoeg is om aan die respondente die geleentheid te bied om hulle eie mening weer te gee. Die doel daarmee was om die bruikbaarheid van die ondersoek te verhoog deurdat ‘n wyer respons as net die gestruktureerde response verkry kon word (KS 2004).

In Tabel 2 word die vrae of stellings wat in die gemeentevraelys gebruik is, onder gekategoriseerde temas aangebied. Hierdie rangskikking kom nie ooreen met die betrokke

4 Ander woorde wat ook hiervoor gebruik word is “konstruk” of “veranderlike”.
5 Kerkspieël 2004 se verslag het nie bladsynommers gehad nie.

vraelyste se indelings nie. Die rangskikking in die tabel poog eerder om die temas vanuit al die opvolgende vraelyste logies te rangskik. Weens die groot veranderings wat in die vraelyste aan vrae en stellings aangebring is, moes ’n nuwe rangskikking geskep word om die verskeidenheid inligting op ’n logiese wyse aan te bied. In Tabel 2 word die gemeentevraelyste se temas ingedeel onder die volgende kategorieë: “gemeente-inligting, lidmaatgetalle, erediens, kategese, finansies, bedieningstruktuur, bediening, tug, barmhartigheidsdiens, geboue” en “ekumeniese kontak”. Die kruisies dui aan in watter Kerkspieël-vraelys die betrokke tema voorgekom het.
[Die verwysings 1-7 in tabel 2 verskyn as eindnotas 1-7 aan die einde van die artikel.]

**Tabel 2: Gemeentevraelys** (ingevul deur die saakgelastigde/skriba/kassier/dagbestuur)

| Temas van vrae | Gemeentevraelys 1981 | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Gemeente-inligting:** | | | | | | | | |
| Stigtingsdatum | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Gemeentes afgestig afgelope 35 jaar | - | X | - | - | - | - | - | - |
| Moontlikheid van vereniging met buurgemeente | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Opvoedkundige inrigtings binne gemeentegrense | - | X | - | - | - | - | - | - |
| **Lidmaatgetalle:** | | | | | | | | |
| Aantal ingeskrewe lidmate volgens lidmaatstatus | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Dienspligtiges en tydelike inwoners | X | - | - | - | - | - | - | - |
| Oorgekom van ander Ned. Geref. gemeentes | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Oorgekom van buite Ned. Geref. Kerk | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Uitreik-aksies vir nie-lidmate | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Kerklos lidmate ingeskakel | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Inskakelingsplan vir nuwe lidmate | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Lidmate oorgegaan na ander gemeentes/kerke[1] | X | X | X[2] | X | X | X | X | X |
| Ingeskrewe lidmate buite gemeentegrense woonagtig | - | - | - | - | X | X | X | X |
| Toestemming aan lidmate om by ander gemeentes in te skakel | - | - | - | - | X | X | X | - |
| Rede vir beweging oor gemeentegrense | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Probleme met bepaling van lidmaatgetalle | - | - | - | - | - | - | X | - |
| **Erediens:** | | | | | | | | |
| Aantal dienste in gemeente gehou | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Bywoning van dienste | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Wyksbyeenkomste in plek van aanddienste en gereeldheid daarvan | - | - | - | X | X | - | - | - |
| Afsonderlike erediens vir kleiner kinders | - | - | - | X | X | X | X | X |
| Bywoning van dienste vir kinders | - | - | - | - | X | X | X | - |
| Wie kinderdienste lei | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Eredienste vir ander taalgroepe | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Hoeveel keer Nagmaal gevier is | - | - | X | X | X | X | X | X |
| Hou van aansitnagmale | - | - | - | X | X | - | - | - |
| Gebruikmaking van stilnagmaal | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Toelating van dooplidmate tot kinderkommunie | - | - | - | - | - | X | X | - |
| Hoeveel kinderkommunie toegelaat is | - | - | - | - | - | X | X | - |

| Temas van vrae | Gemeentevraelys 1981 | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leesrooster/woordwyser gebruik as riglyn vir eredienste | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Liederebundels wat voor en tydens die erediens gebruik word | - | - | - | X | X | X | X | X |
| Liederebundels wat tydens Pinkster gebruik word | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Gebruikmaking van ander musiekinstrumente in dienste en wanneer | - | - | - | X | X | X | X | X |
| Persentasie Engelse liedere | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Plek van bediening van doop in diens | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Geloofsbelydenis se plek in erediens | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Bevestiging van diens/ hulpwerkers in erediens | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Huweliksbevestiging tydens erediens | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Speel van troumars by troues | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Gebruik van liturgiese drag deur liturg | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Voorkoms van kommissie vir die erediens | - | - | - | X | - | - | - | - |
| **Kategese:** | | | | | | | | - |
| Dooplidmate in kategese | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Aantal wat nie kategese bywoon nie | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Lidmate betrokke by kategese | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Begeleiding en toerusting van kategete | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Aantal kategesetoetse afgelê | X | X | X | X | X | - | - | - |
| Gebruik van AJK se kategesemateriaal | - | - | - | - | X | X | X | - |
| Ander kategesemateriaal in gebruik | - | - | - | - | - | X | X | X[3] |
| Kampe georganiseer | - | - | - | - | - | X | - | - |
| Aantal dooplidmate wat kampe bygewoon het | - | X | - | - | - | - | X | X |
| Akkommodering van koshuiskinders in kategese | - | - | X | X[4] | - | - | - | - |
| **Finansies:** | | | | | | | | - |
| Beoordeling van finansiële posisie | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Bruto inkomste | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Totale inkomste | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Netto uitgawes / tekort / oorskot | X | X | X | X | X | X | X | - |
| Persentasie van begroting aan salarisse | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Bydraes van gemeente tot gemeentekommissies / -buite-aktiwiteite | - | X | X | X | X | X | X | X |
| Barmhartigheidsdiens-besteding | - | - | - | X | X | X | - | - |
| Besteding aan gebouinstandhouding | - | - | - | - | X | X | - | - |
| **Bedieningstruktuur:** | | | | | | | | - |
| Paslike omskrywing van gemeentestruktuur | - | - | - | - | X | X | X | X |
| Bestaan van alternatiewe bedieningstrukture | - | - | - | X | - | - | - | - |
| Vier belangrikste gemeentelike doelwitte | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Tiperend van rigting van gemeente | - | - | - | - | - | - | X | X |

| Temas van vrae | Gemeentevraelys 1981 | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Samewerking met buurgemeente | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Predikantsposte in gemeente | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Aantal predikante wat vroue is | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Tentmakers, kapelane, predikante in sinodale diens, professore as predikante | - | - | - | - | X | X | - | - |
| Gebruikmaking van tydelike pastorale hulp | - | - | - | X | X | X | X | X |
| Wie as tydelike pastorale hulp gebruik word | - | - | - | - | X | X | X | - |
| Poste in gemeente (ouderlinge, diakens, kategete) | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Aantal wyke | - | - | - | - | - | X | - | - |
| Aantal ouderlinge/diakens is dames[5] | - | X | X | X | X | X | X | X |
| Aantal diens/hulpwerkers[6] | - | - | X | X | X | X | X | X |
| Kerkraadsvakatures | X | - | - | - | - | - | - | - |
| Opdrag van ouderlinge/diakens/hulpwerkers | - | - | - | - | - | - | X | - |
| Kerkraadstoerustingskursusse | X | - | - | - | - | - | - | - |
| Aantal selle/huiskerke in gemeente | - | - | - | - | X | X | - | - |
| Wie is voorsitter van kerkraad? | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Rol van kerkvergaderings in funksionering van gemeente | - | - | - | - | - | - | X | X |
| Aantal kerkraadskommissies | X | X | X | - | - | - | - | - |
| Versorgingskommissie | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Bestaan van diensooreenkomsverhoudinge | - | - | - | - | - | X | X | X |
| **Bediening:** | | | | | | | | |
| Funksionering van vrouediens | - | - | - | X | X | - | - | - |
| Gebedsbediening in gemeente | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Georganiseerde evangelisasiebediening | - | - | - | - | X | X | X | X |
| Toerustingsmateriaal wat in evangelisasie gebruik word | - | - | - | - | X | X | X | X |
| Bestaan van kleingroepbediening in gemeente | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Plek van kleingroepe in gemeente | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Kleingroepmodel wat gebruik word | - | - | - | - | - | X | - | - |
| Persentasie lidmate by kleingroepe | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Bediening van nagmaal in kleingroepe | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Programme/aksies vir gesinne | - | - | - | X | X | - | - | - |
| Bediening spesifiek vir jong volwassenes | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Verantwoordelikheid vir gesinsaksies | - | - | - | X | X | - | - | - |
| **Tug:** | | | | | | | | |
| Aantal tuggevalle | - | - | X | X | X | - | - | - |
| Aard van tuggevalle | - | - | X | X | - | - | - | - |
| **Barmhartigheidsdiens:** | | | | | | | | |
| Noodleniging/alimentasie toegestaan | X | X | X | X | X | X | - | - |
| Armoede- en werkskeppingstrategie in gemeente | - | - | - | - | - | X | X | X |

| Temas van vrae | Gemeentevraelys 1981 | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werklose jongmense | - | - | - | - | - | X | - | - |
| Aantal getroude werklose persone | - | - | - | - | - | X | - | - |
| Skoolfonds deur gemeente gedra | - | - | - | - | - | X | - | - |
| Gemeenskapsontwikkelings-projekte binne en/of buite gemeente onderneem | - | - | - | - | X | X | X | X |
| Tipe gemeenskapsontwikkelings-projekte | - | - | - | - | X | X | X | X |
| Aantal mense betrokke by g.o[7]. projekte | - | - | - | - | X | X | X | - |
| Bedrag aan g.o. projekte bestee | - | - | - | - | X | X | X | - |
| Wie verantwoordelikheid neem vir g.o. projekte | - | - | - | - | X | X | X | - |
| Aantal barmhartigheids-inrigtings in gemeente | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Aantal besoekpunte in inrigtings | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Aantal verwysings deur kerkraad | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Aantal lidmate in gemeente MIV-positief | - | - | - | - | - | X | X | X |
| Aantal lidmate terminaal siek met VIGS | - | - | - | - | - | X | X | X |
| MIV/VIGS aksies/strategieë | - | - | - | - | - | X | X | X |
| **Geboue:** | | | | | | | | |
| Sitplekke beskikbaar in gemeente-opset | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Geboue se gestremdvriendelikheid | - | - | X | - | - | - | - | - |
| Onbeboude ruimtes van gemeente | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Huidige bouprojekte | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Beoogde bouprojekte | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Beoogde lenings | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Huidige lenings | X | X | - | - | - | - | - | - |
| Gemeenskapsgebruik van geboue | - | - | - | - | - | - | - | X |
| **Ekumeniese kontak:** | | | | | | - | - | - |
| Kontak met NG Kerkfamilie gemeente en aard van kontak | - | - | - | - | - | - | - | X |
| Bestaan van ekumeniese gespreksgroepe in omgewing en deelname | - | - | - | - | - | - | - | X |

Vervolgens word veranderings in van die kategorieë in Tabel 2 uitgelig:

- Onder die kategorie "gemeente-inligting" is dit opvallend dat in 1985 afstigting 'n kerklike praktyk was, terwyl sedert 2004 vereniging met buurgemeentes na vore tree. Van aanvanklike groei het inkrimping nou 'n kerklike saak geword.
- Onder die kategorie "lidmaatgetalle" is die problematiek rondom lidmate buite tradisionele gemeentegrense sedert 1996 opvallend. Die evangelisasietemas wat in 2006 ingevoeg is, is om te vergoed vir inligting wat hieroor ontbreek het nadat die wyksvraelys in 2000 die laaste keer gebruik is.
- In die kategorie "erediens" is die skuif vanaf 1989 se struktureringstemas oor die erediens na temas oor diversiteit in die erediens vanaf 1993 opvallend.
- By kategorie "kategese" het die aard van kategesemateriaal wat gebruik word sedert 1993

’n tema geword.

- By “finansies” het die saak van buitebesteding vanaf 1985 belangriker in die vraelyste geword.
- In “bedieningstruktuur” het ’n beoordeling van ’n saaklike bestuurstruktuur vanaf 2004 sterk na vore getree. Ander nuwe temas in hierdie kategorie was die meting van diversiteit in bedieningshulp vanaf 1993, die skuif weg van tradisionele kerkraadslede in 1989 en ander beskouings oor die aard van kerkraadsvergaderings sedert 2004. Tot 1989 was kerkraadskommissies nog as belangrik beskou.
- “Bediening” as kategorie het eers vanaf 1993 aandag ontvang en wel gesinsaksies in 1989 en 1993, evangelisasie sedert 1996 en kleingroepbediening sedert 2000.
- “Tug” as kategorie het net voorgekom in die 1989 tot 1996 Kerkspieëls.
- Die kategorie “barmhartigheidsdiens” se beklemtoning van noodleniging en alimentasie tot 2000 is sedert 1996 vervang met ’n projekfokus.
- “Geboue” was net tot 1989 in die Kerkspieëls se fokus. In 2006 is egter gevra of geboue ook deur instansies anders as die gemeente gebruik word.
- “Ekumeniese kontak” as kategorie is in 2006 by hierdie vraelys gevoeg, dit het egter reeds in 1993 in die vraelys vir kerkraadslede/hulpwerkers begin voorkom en vanaf 1996 by die predikantsvraelys.

In die opvolgende Kerkspieël-opnames het die kategorieë “erediens, bedieningstruktuur, bediening” en “barmhartigheidsdiens” dus meer aandag ontvang teenoor “tug” en “geboue” wat as temas onbelangrik geword het. Uit die voorafgaande wil dit voorkom of bediening en barmhartigheidsdiens mettertyd al meer ’n kernaspek van die Ned. Geref. Kerk se funksionering geword het.

## 4. HUISHOUDINGSVRAELYS

Die huishoudingsvraelys is net gebruik in die eerste 2 Kerkspieëls (1981 en 1985). Die doel van die 1981-huishoudingsvraelys was om basiese sosio-demografiese besonderhede van elke Ned. Geref. lidmaat in te win (KS 1981, 9). In 1985 is verskeie temas tot die vraelys toegevoeg om nuttigheidsredes (KS 1985, 218). Die rede wat aangevoer is vir die weglating van hierdie vraelys vanaf 1989 is dat die huishoudingsopname so ’n magdom vraelyste opgelewer het en dit duur was om te verwerk[6]. Die bevindings het ook nie ’n betekenisvolle profielverandering by lidmate tussen die opnames aangedui nie. Omdat inligting oor huishoudings as belangrik beskou is, is gepoog om in verdere opnames so veel moontlik van die inligting van huishoudings deur die wyksvraelyste te bekom (KS 1989, 1).

**Tabel 3:** Huishoudingsvraelys

| **Temas van vrae** | **Vraelys vir huishoudings/ lidmate** | |
|---|---|---|
| | 1981 | 1985 |
| Aantal lidmate volgens lidmaatstatus | X | X |
| Geslag | X | X |
| Huistaal | | X |
| Huwelikstaat | X | X |
| Verandering aan huwelikstatus afgelope 12 maande | - | X |
| Ouderdom | X | X |
| Aantal jare woonagtig by adres | - | X |
| Aantal kere adres verander afgelope 12 maande | - | X |

6 In 1981 was die steekproefgrootte 14 715 en in 1985 was dit 15 269 (KS 1985, 219).

| Temas van vrae | Vraelys vir huishoudings/ lidmate 1981 | 1985 |
|---|---|---|
| Hoogste onderwyspeil | X | X |
| Beroepskategorie van hoof van huishouding | X | X |
| Aantal werk voltyds of deeltyds | - | X |
| Aantal mense in huishouding | X | X |
| Gekleurdes in diens van huishouding | - | X |
| Kerkverband | - | X |
| Trekarbeiders of pendelaars of inwoners | - | X |
| Aantal mense lidmate van Ned. Geref. Kerk | X | X |
| Aantal mense wat aan geen kerk behoort nie | - | X |
| Aantal eredienste bygewoon | X | X |
| Aantal weens omstandighede verhinder om erediens by te woon | - | X |
| Betrokkenheid by godsdienstige werk | - | X |
| Aantal op kerkraad | - | X |

Tabel 3 toon dat Kerkspieël 1981 net basiese sosio-demografiese inligting versamel het. Met Kerkspieël 1985 is ook sake soos mobiliteit, diversiteit en kerklike betrokkenheid aangespreek weens die nuttigheidswaarde daarvan (KS 1985, 218). Tabel 2 toon duidelik die probleem van tema-inflasie wat al die vraelyste van die Kerkspieëls oor die jare geteister het. Vrae of stellings is weens nuttigheidsredes by die vraelyste gevoeg. Dit het klaarblyklik geskied sonder dat die konsepte waarvan hierdie vrae of stellings indikatore is, beredeneer is en aangetoon is hoe dit met ’n breër teoretiese begronding verband hou. Met die sosio-demografiese opname van Kerkspieël 1981 is van betreklik eenvoudige konsepte gebruik gemaak waarvan die indikatore redelik vanselfsprekend was. Wanneer in Kerkspieël 1985 gevra word hoeveel lidmate hulle aktief beywer vir ander kerklike werk of nie-kerklike godsdienstige werk[7], is dit nie duidelik waarvan so ’n vraag ’n indikator kan wees nie. Dit plaas die geldigheid van die vraag onder verdenking. “Beywer” kan breed geïnterpreteer word, en dit het nie ’n spesifieke betekenis nie. Dieselfde geld vir “kerklike werk” en “nie-kerklike godsdienstige werk”. Was Bybelkunde-onderrig in die skool in 1985 deur alle betrokke onderwysers vertolk as “nie-kerklike godsdienstige werk”? Hierdie onduidelikheid maak die vraag onbetroubaar. Sodanige onberedeneerde tema-inflasie in Kerkspieël-vraelyste skep ernstige vrae oor die geldigheid en betroubaarheid van die opnames. In die volgende onderafdeling word die wyksvraelys behandel waarin die vrae van die huishoudingsvraelys opgeneem is.

## 5. WYKSVRAELYS

Die doel van die wyksvraelys was om ’n profiel van elke wyk in die gemeente te gee. Daar is gepoog om inligting van die huishoudingsvraelys vanaf 1989 in die wyksvraelys te inkorporeer (KS 1989, 163; KS 1993, 167; KS 1996, 187). Hierdie vraelys het met Kerkspieël 2000 begin probleme oplewer omdat die wykstelsel nie meer op dieselfde wyse in alle gemeentes geïmplementeer is nie. Gemeentes het in 2000 begin gebruik maak van blok- en/of omgeegroepstelsels (KS 2000, 125). Die wyksvraelys is om hierdie rede in Kerkspieël 2004 getermineer asook weens koste en logistieke oorwegings (KS 2004).

In Tabel 4 is die vraelyste vir wyke se vrae of stellings in temas ingedeel en gekategoriseer. Die kategorieë is besoekpunte, demografiese gegewens, dooplidmate, jong lidmate, wyksbediening en barmhartigheid.

[Die verwysings 8-10 in Tabel 4 verskyn as endnotas 8-10 aan die einde van die artikel.]

7 In Tabel 3 is hierdie vraag geplaas onder die tema “Betrokkenheid by godsdienstige werk”.

**Tabel 4:** Vraelys vir wyke

| Temas van vrae | Vraelys vir wyke 1981 | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Besoekpunte:** | | | | | | |
| Getal besoekpunte | X | X | X | X | X | X |
| **Demografiese gegewens:** | | | | | | |
| Aantal lidmate by tipe[8] besoekpunte | X | X | X | X | X | X |
| Geslag van lidmate | X | X | X | X | X | X |
| Ouderdom van lidmate | - | - | X | X | X | X |
| Beroep van hoof van huishouding | - | - | X | X | X | X |
| Huwelikstaat van hoofbroodwinner | - | - | X | X | X | X |
| Eerste keer getroud | - | - | X | X | X | X |
| Skei in vorige maande[9] | - | - | X | X | X | X |
| Meer as een keer getroud | - | - | X | X | X | X |
| Sterftes | - | - | X | X | X | X |
| Geboortes | - | - | X | X | X | X |
| **Dooplidmate:** | | | | | | |
| Aantal dooplidmate | X | X | X | X | X | X |
| Aantal skoolgaande dooplidmate | X | X | X | X | X | X |
| Skoolgaande dooplidmate nie in kategeseskool | X | X | X | X | X | X |
| Dooplidmate ouer as 21 jaar | X | X | X | X | X | X |
| Kerklike betrokkenheid van dooplidmate | - | - | X | X | X | X |
| **Jong lidmate:** | | | | | | |
| Aantal ongetroude jong belydende lidmate volgens aktiwiteit[10] | X | X | X | X | X | X |
| Kerklike betrokkenheid van ongetroude jong belydende lidmate | - | - | X | X | X | X |
| **Wyksbediening:** | | | | | | |
| Aantal kerkvervreemdes | - | X | X | X | X | X |
| Aantal kerkvervreemdes ingeskakel afgelope 12 maande | X | X | X | X | X | X |
| Aantal lidmate opgespoor deur opname | - | X | X | X | X | X |
| Aantal kerkloos | X | X | X | - | - | - |
| Aantal kerkloses ingeskakel | X | X | X | X | X | X |
| Aantal lidmate getroud met iemand van ander kerk/geloof | X | X | - | - | - | - |
| Maande ouderling van wyk | - | X | Vraag oorgedra na kerkraadsvraelys | | | |

| Temas van vrae | Vraelys vir wyke 1981 | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Besoekpunte besoek afgelope jaar (meer as vier keer, vier keer, drie keer, twee keer, een keer, glad nie) | X | X | Vraag oorgedra na kerkraadsvraelys | | | |
| Ouderlingkonferensies bygewoon | X | X | Vraag oorgedra na kerkraadsvraelys | | | |
| Ouderlingstoerustingskursus gedoen | X | X | Vraag oorgedra na kerkraadsvraelys | | | |
| **Barmhartigheid:** | | | | | | |
| Aantal lidmate betrokke by hulpverlening | - | - | X | - | - | - |
| Aantal gestremdes afhanklik van hulp | - | - | X | - | - | - |
| Aantal bejaardes in verskillende woonplekke | - | - | X | X | X | X |
| Huweliksverwante probleme | - | X | X | X | X | X |
| Aantal hersaamgestelde gesinne | - | - | - | X | X | X |
| Aantal wat saamwoon | - | X | - | - | - | - |
| Aantal enkelouergesinne | - | - | X | X | X | X |
| Aantal kinders by enkelouergesinne betrokke | - | - | X | X | X | X |
| Aantal kinders in pleegsorg | - | X | X | - | - | - |
| Gesinne waar kinders finansiële hulp vir skoolonderrig benodig | - | - | - | - | X | X |
| Omvang van wetsoortredersorg | - | - | X | - | - | - |
| Alkoholverwante probleme | - | X | X | - | - | - |
| Dwelmverslawing | - | X | - | - | - | - |

Vanaf die huishoudingsvraelys, wat in 1984 getermineer is, is in 1989 heelwat temas oorgedra na die wyksvraelys se kategorie "demografiese gegewens". In hierdie vraelys het kerklike betrokkenheid van doop- en jong lidmate vanaf 1989 in die kollig gekom. In die kategorie "wyksbediening" het veral evangelisasieverwante sake deurgaans voorgekom. In "barmhartigheid" domineer huweliksverwante sake vanaf 1989 die vraelyste. Ander probleme rakende barmhartigheid het minder aandag in hierdie vraelys gekry. Vrae wat opvallend ontbreek, handel oor wyksfunksionering en -invloed. Dit word egter in 'n mate in die kerkraadslede-/hulpwerkersvraelys opgevang.

6. KERKRAADSLEDE-/HULPWERKERSVRAELYS

Die kerkraadsvraelys se doel was om inligting in te samel oor die houdings (KS 1989, 1) en optrede van kerkraadslede asook oor kerklike aanvaarding (KS 1989, 163; KS 1993 167; KS 1996, 187). Vanaf Kerkspieël 2000 is die doel van die vraelys verskuif om inligting oor die leierskap in 'n gemeente te verkry (KS 2000, 125). Die wyksvraelys is in Kerkspieël 2004 getermineer weens koste en logistieke oorwegings (KS 2004).

In Tabel 5 word die vraelyste vir kerkraadslede/hulpwerkers se vrae of stellings getematiseer en gekategoriseer. Die kategorieë is kerkraadslid/hulpwerker besonderhede, betrokkenheid, bediening, bedieningsbeoordeling, beoordeling van bedieningsfokus/-struktuur, beskouings oor gemeentebestuur/-struktuur, ekumeniese kontak en kerk en samelewing.

[Die verwysings 11-12 in Tabel 5 verskyn as endnotas 11-12 aan die einde van die artikel.]

**Tabel 5:** Vraelys vir kerkraadslede/hulpwerkers

| Temas van vrae | Vraelys vir kerkraadslede/ hulpwerkers[11] | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 |
| **Besonderhede:** | | | | |
| Amp (ouderling/diaken/hulpwerker) | X | X | X | X |
| Ouderdom | X | X | X | X |
| Geslag | X | X | X | X |
| Huwelikstaat | X | X | X | X |
| Beroepskategorie | X | X | X | X |
| Hoogste onderwyspeil | X | X | X | X |
| Tydperk kerkraadslid in wyk | X | X | X | X |
| Tydperk kerkraadslid | X | X | X | X |
| Woonagtig by huidige adres | X | X | X | X |
| **Betrokkenheid:** | | | | |
| Erediensbywoning afgelope 4 weke | X | X | X | X |
| Afgelope jaar diaken/ouderlingtoerustingskursus gevolg | X | X | - | - |
| Ouderlingkonferensies bygewoon | X | - | - | - |
| **Bediening:** | | | | |
| Is voldoende toegerus vir taak as ampsdraer | - | - | X | X |
| Is medeverantwoordelik vir geestelike welsyn van wykslede | - | - | X | X |
| Beleef tans laagtepunt in geestelike lewe | - | - | X | X |
| Aantal kleingroepbyeenkomste in wyk gehou | - | - | X | X |
| Voel bevoeg om prediking te evalueer | - | - | X | X |
| Voel nie bevoeg om lidmate oor sonde aan te spreek nie | - | - | X | X |
| Is betrokke by materiële en emosionele ondersteuning van lidmate | - | - | X | X |
| Kry die *Kerkbode* | X | - | - | - |
| Lees van *Kerkbode* en wie in gesin lees *Kerkbode* | X | - | - | - |
| Kry die *Voorligter*[12] | X | - | - | - |
| Lees van *Voorligter* en wie in gesin lees *Voorligter* | X | - | - | - |
| Watter artikels in *Kerkbode* en *Voorligter* gelees word | X | - | - | - |
| **Vrae net vir ouderlinge:** | | | | |
| Besoekpunte besoek afgelope jaar (meer as 4 keer, vier keer, drie keer, twee keer, een keer, glad nie) | X | X | - | - |
| Aantal kleingroepbyeenkomste afgelope jaar in wyk gehou | - | X | - | - |
| Ouderling se belangrikste taak in wyk is om ander na Christus te lei | X | X | - | - |
| Belang by kerkbywoning van wykslede | X | X | - | - |
| Kan lidmate oor sonde aanspreek | X | X | - | - |
| Ouderling kan predikant evalueer | X | X | - | - |
| Ouderling moet meer inspraak in inrigting van erediens kry | X | X | - | - |
| Betrokkenheid by kategese | X | X | - | - |
| **Vrae net vir diakens:** | | | | |
| Verantwoordelikheid vir geestelike welsyn van wykslede | X | X | - | - |
| Betrokkenheid by wykslede wat ondersteuning benodig | X | X | - | - |
| Aantal gevalle vir hulp verwys | X | X | - | - |
| Doen net maandelikse insameling | X | X | - | - |

| Temas van vrae | Vraelys vir kerkraadslede/ hulpwerkers[11] | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 |
| **Bedieningsbeoordeling:** | | | | |
| Omgee van lidmate vir mekaar | - | X | X | X |
| Gevoel van warmte in kerk | - | X | - | X |
| Is tevrede met predikant | - | - | X | X |
| Jong belydende lidmate voel tuis in gemeente | - | - | X | X |
| Jong belydende lidmate verdwyn na belydenisaflegging | - | - | - | X |
| Lidmate word al meer onbetrokke | - | - | - | X |
| Lidmate onttrek hulle aan gemeente se aktiwiteite | - | - | - | X |
| Kinders voel tuis in gemeente | - | - | - | X |
| Gee genoeg aandag aan bejaardes | - | - | - | X |
| Bevrediging van gesinne se behoeftes | - | X | X | X |
| Beleef oggenddienste in gemeente positief | - | - | X | X |
| Beleef aanddienste in gemeente positief | - | - | X | X |
| Styl van erediens is styf | - | - | X | X |
| Voorkeur dat erediens se orde dieselfde bly | - | - | X | X |
| Eredienste is te informeel | - | - | X | X |
| Voorkeur vir afwisseling in erediens | X | - | - | |
| Eredienste maak voorsiening vir kleiner kinders | - | - | X | X |
| Tradisionele aanddiens is uitgedien | X | - | - | - |
| Preke se verstaanbaarheid | - | X | X | X |
| Preke spreek my aan in situasie van elke dag | - | - | X | X |
| Geniet sang in erediens | X | - | X | X |
| Nuwe Psalm en Gesangeboek sing moeilik | X | - | - | - |
| Geloofsbelydenis se lees maak sin | X | - | - | - |
| Wet van God hoort nie in erediens nie | X | - | - | - |
| **Beoordeling van bedieningsfokus/-struktuur:** | | | | |
| Mense as fokus vs. Doelgerigtheid as fokus | - | - | - | X |
| Gemeente as familie vs. Gemeente as organisasie | - | - | - | X |
| Verhoudinge in gemeente opreg en warm vs. Verhoudinge is koud en klinies | - | - | - | X |
| Gemeenskaplike belang van gemeente vs. Individuele belang van lidmate | - | - | - | X |
| Lidmate aan mekaar verbonde vs. Lidmate op privaatheid ingestel | - | - | - | X |
| Geloofsverskille in gemeente bemoeilik gemeentewerksaamhede | - | - | - | X |
| Verwagtinge m.b.t. predikant is duidelik | - | - | X | X |
| Leraar voer besluite uit vs. Lidmate voer besluite uit | - | - | - | X |
| Leraar beheer gemeentesake vs. Lidmate beheer gemeentesake | - | - | - | X |
| Inisiatief vanaf leraars vs. Inisiatief vanaf lidmate | - | - | - | X |
| Verhoudinge tussen gemeentelede en ampte informeel vs. Formeel | - | - | - | X |
| Verwagtinge oor kerkraadslid/dienswerker is duidelik | - | - | X | X |
| Rol van predikant se vrou en verwagtinge t.o.v. haar | - | - | X | X |
| Vervanging van aandienste met kleingroepbyeenkomste | - | X | X | - |
| Sukses van wyksbyeenkomste | - | X | - | - |
| **Beskouings oor gemeentebestuur/-struktuur:** | | | | |
| Voorkeur oor bestuur van gemeente | - | - | - | X |
| Gemeente kom nie finansieel die mas op nie | - | - | - | X |
| Kerkraadslede moet nie in kerkraadsbanke sit nie | X | - | - | - |
| Vrou moet ouderling of predikant kan wees | X | - | - | - |
| Diakens moet nie vrouens wees nie | X | - | - | - |
| Voel positief oor bestuur van gemeente na kerkraadsvergadering | - | X | X | X |
| Positiwiteit oor kerkraadsvergaderings | X | - | X | X |
| Kerkraadsvergaderings moet besluite deur konsensus neem | - | - | X | X |
| Kerkraadsvergaderings is geestelik opbouend | - | - | - | X |
| Predikant moet in eie huis d.m.v. subsidie woon | X | - | - | - |
| Pastorie moet op kerkterrein geleë wees | X | - | - | - |

| Temas van vrae | Vraelys vir kerkraadslede/ hulpwerkers[11] | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 |
| Pastorie moet uitstaan in omgewing | X | - | - | - |
| **Ekumeniese kontak:** | | | | |
| Behoefte aan groter eenheid in Ned. Geref. Kerk | - | X | - | - |
| Beskouings oor kerkeenheid | - | - | X | - |
| Groter sigbare eenheid in Ned. Geref. Kerkfamilie nodig | - | - | - | X |
| Sigbare strukturele kerkeenheid is nie Bybelse opdrag nie | - | - | - | X |
| Verskeie kerke in Ned. Geref. Kerkfamilie is sonde | - | - | - | X |
| Gemeente moet self oor kerkvereniging besluit | - | - | - | X |
| Gemeente is nie gereed vir kerkvereniging nie | - | - | - | X |
| Ringe en sinodes kan verenig, solank gemeente se samestelling nie verander nie | - | - | - | X |
| Voorkeur vir verhouding met lidmate van Ned. Geref. Kerkfamilie van ander bevolkingsgroep | - | - | X | - |
| Vlak van bereidheid tot betrokkenheid onder NG Kerkfamilie lidmate wat nie aan eie bevolkingsgroep behoort nie | - | - | - | X |
| Het al gesamentlike eredienste met lidmate van Ned. Geref. Kerk bygewoon | - | - | X | - |
| Afstandskaal met lidmate van Ned. Geref. Sendingkerk | X | X | - | - |
| Afstandskaal met lidmate van die Reformed Church in Africa | X | X | - | - |
| Afstandskaal met lidmate van die Ned. Geref. kerk in Afrika | X | X | - | - |
| Het al "Sodat almal een kan wees ..." gelees | - | - | X | - |
| **Kerk en samelewing:** | | | | |
| Godsdiens al minder belangrik vir mense in omgewing | - | - | - | X |
| Godsdiens speel kleiner rol in lewe van gemeenskap | - | - | - | X |
| Geloof word aangepas by veranderende omstandighede | - | - | - | X |
| Ned. Geref. Kerk nie meer gerekende rolspeler in omgewing nie | - | - | - | X |
| Ned. Geref. Kerk praat nie uit een mond nie | - | - | - | X |
| Dit gaan goed in ons land | - | - | - | X |
| Is gefrustreerd oor wat in land gebeur | - | - | - | X |
| Mense in ons land is moedeloos | - | - | - | X |
| Gewelddadige situasie in land beïnvloed gemeente negatief | - | - | - | X |

Opvallend in die kategorie "betrokkenheid" is dat inligting oor diaken/ouderling opleiding en ouderlingkonferensies na 1993 nie meer verlang is nie.

- In "bediening" was die lees van die *Kerkbode* en *Voorligter* net in 1989 as relevant beskou. Bedieningsbevoegdheid is duidelik 'n belangrike saak in hierdie vraelys. In 1989 en 1993 was vrae hieroor afsonderlik vir ouderlinge en diakens gevra, maar vanaf 1996 was die vrae hieroor generies sodat al die leiers dit kan beantwoord.
- In die kategorie "bedieningsbeoordeling" het 'n skuif, soos by die gemeentevraelys, sedert 1989 begin voorkom weg van struktuursake na die paslikheid van bediening in die lig van mense se behoeftes.
- By "beoordeling van bedieningsfokus/-struktuur" het in 1996 'n fokus op diversiteitsevaluering na vore getree wat in 2000 drasties uitgebrei is.
- By "beskouings oor gemeentebestuur/-struktuur" was die sake wat in 1989 hierin belangrik was struktuursake. Sedert 1996 het die fokus verskuif na houdings oor struktuur.

- In "ekumeniese kontak" het 'n skuif plaasgevind vanaf 1989 en 1993 se rasseafstandskaal na 1996 se meting van houdings oor kerkeenheid wat in 2000 nog meer omvattend gemeet is.
- Vrae oor die kerk se verhouding tot die samelewing en evaluering van die samelewing kom vir die eerste keer in 2000 se vraelys voor. Benewens die kategorie "kerkraadslid/hulpwerker besonderhede" waar geen veranderings tussen die vraelyste aangebring is nie, toon die ander kategorieë duidelik dat klemverskuiwings in die Ned. Geref. Kerk voorgekom het. Die belangrikste hiervan is sekerlik die ontwikkeling van 'n groter sensitiwiteit vir diversiteitsake.

## PREDIKANTSVRAELYS

Die oorsprong van die predikantsvraelys in Kerkspieël is onduidelik. Kerkspieël 1983 het nie 'n predikantsvraelys gehad nie. Kerkspieël 1985 het 'n predikantsvraelys getiteld "Ondersoek na die vraag en aanbod van predikante van die Ned. Geref. Kerk" aangeheg, maar dit was vir 'n ander opname[8] waarvan die resultate in die 1985 Kerkspieël-verslag herinterpreteer is (KS 1985, 95-124, 238-246). In Kerkspieël 1989 is die vraelys as 'n integrale deel van die verslag behandel en word net gemeld dat dit ooreenstem met die vorige en dat vrae rondom spesialisasie bygevoeg is (KS 1989, 163). Dit is problematies dat die uitbreiding van die Kerkspieël-opname met hierdie vraelys nêrens teoreties verantwoord is nie.

Die invoeging van hierdie vraelys het die oorspronklike sosiaal-demografiese opname-doelwit van Kerkspieël verander na 'n meerdoelige opname sonder dat hierdie verdere doelwitte enigsins verwoord is. Die geldigheidswaarde van die opname word daardeur onder verdenking geplaas, omdat 'n grondige teoretiese ankering ontbreek. Hierdie vraelys is in latere Kerkspieëls verder aangepas. Ander sake wat later aandag ontvang het, was leierskapstyle (KS 1993 167), kerklike aanvaarding en die beroepstelsel (KS 1996, 187). Met Kerkspieël 2000 is verdere nuwe vrae bygevoeg, maar die rede daarvoor word nie gemeld nie (KS 2000, 125). In Kerkspieël 2004 word gemeld: "Meer oop vrae is bygevoeg om die respondente die geleentheid te gee om 'n eie mening weer te gee. Dit behoort die bruikbaarheid van die ondersoek te verhoog deurdat 'n wyer respons as net die gestruktureerde response verkry word" (KS 2004).

Die temas wat in hierdie vraelyste voorgekom het, is soos volg in Tabel 6 gekategoriseer: biografiese data, agtergrond en opleiding, beroepsposisie en beoordeling, werkstevredenheid, bedieningsbeoordeling, kerklike beoordeling, ekumene en samelewings-beoordeling.
[Die verwysings 13-23 verskyn as endnotas 13-23 aan die einde van die artikel.]

**Tabel 6:** Vraelys vir predikante

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | X | X | - | - | - | - | - |
| **Biografiese data, agtergrond en opleiding:** | | | | | | | |
| Ouderdom | X | X | X | X | X | X | X |
| Geslag | - | - | - | - | X | X | X |
| Huwelikstatus | - | - | - | - | - | - | X |
| Beklee van 'n voltydse beroep deur die predikantsvrou | - | - | - | X | X | X | - |

8 Oor hierdie opname word verslag gedoen in Van Eeden, I.J., 1986, Ondersoek: Behoefte aan predikante in die Ned. Geref. Kerk. Die werkstevredenheid en -ervaring van predikante, teologiese dosente en teologiese studente. Ongepubliseerde verslag. Pretoria: Departement Sosiologie, UNISA.

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoogste opleidingspeil – teologie en ander | X | X | X | X | X | - | X |
| Plek van studie | X | X | X | X | X | - | X |
| Beoordeling van teologiese opleiding | X | X | - | - | - | - | - |
| Geïntegreerde teologiese opleiding ondergaan | X | X | X | X | - | - | - |
| Beoordeling van geïntegreerde opleiding | X | X | X | X | - | - | - |
| Eie teologiese etiket/tipering | - | - | - | - | - | X | X |
| Bybelbeskouing | - | - | - | - | - | - | X |
| Graad tans geregistreer | X | X | - | - | - | - | - |
| Besig met nagraadse studie | - | - | - | - | X | - | - |
| Noodsaaklikheid van VTO[13] | - | - | - | X | - | X | - |
| Behoeftes aan VTO kursusse | - | - | - | - | X | X | - |
| VTO-kursusse bygewoon | - | - | - | X | X | - | X |
| Beoordeling van VTO en VTO-kursusse | - | - | - | - | X | X | X |
| Faktore wat keuse van VTO-kursusse beïnvloed | - | - | - | X | X | - | - |
| Kerkverband in kinderjare | - | - | - | - | - | - | X |
| Erediensbywoning van vader/moeder | - | - | - | - | - | - | X |
| Eie erediensbywoning op 16 jaar | - | - | - | - | - | - | X |
| Kerkjeugaktiwiteit betrokkenheid op 16 jaar | - | - | - | - | - | - | X |
| Ouderdom van oorweging om predikant te word | - | - | - | - | - | - | X |
| **Beroepsposisie en beoordeling:** | - | - | - | - | - | - | - |
| Jaar gelegitimeer | X | X | X | X | X | - | - |
| Jaar georden | X | X | X | X | X | - | X |
| Tydperk in bediening | X | X | X | X | X | - | X |
| Tydperk in huidige gemeente | - | - | - | - | X | X | - |
| Hoeveel gemeentes al bedien | X | X | X | X | X | X | X |
| Beskrywing van gemeente | - | - | - | - | X | X | - |
| Aantal lidmate in gemeente | X | X | X | - | X | X[14] | - |
| Beroepsrang | X | X | - | - | X | X[15] | X |
| Gekoppel aan ’n gemeente | - | - | - | - | - | X | - |
| Medeleraars in gemeente[16] | X | X | X | X | X | - | X |
| Verhouding met medeleraar[17] | - | X | X | X | - | X | X |
| Voorkeur vir eenmansgemeente | X | X | X | - | - | - | - |
| Tentmakerbediening is ’n positiewe ontwikkeling | - | - | X | X | X | - | - |
| Hiërargie of nie tussen medeleraars | - | - | - | - | - | - | X |
| Spesialisering in gemeente[18] | - | X | X | X | - | X | - |
| Leiding wat predikantsvrou gee[19] | - | - | - | X | X | X | - |
| Eggenoot het spesiale gemeente-verantwoordelikhede | - | - | - | - | X | - | - |
| Al diens beëindig in Ned. Geref. Kerk | X | X | X | X | X | - | - |
| Al oorweeg om bediening te laat vaar | X | X | X | X | X | - | - |
| Kan ’n ander beroep beklee | - | - | X | X | X | - | - |
| Al in ander beroep | X | X | X | X | X | - | X |
| Al predikant van ’n ander kerk | X | X | - | - | - | - | - |
| Aantal lidmate waarvoor verantwoordelik | - | - | X | X | X | - | - |
| Aantal lidmate wat effektief bedien kan word | X | X | X | X | X | - | - |
| Aantal besoekpunte wat effektief bedien kan word | - | - | X | X | X | - | - |
| Tevrede met nuwe beroepstelsel | - | - | X | X | - | X | - |
| Kere aansoek gedoen vir vakatures | - | - | X | X | X | X | - |
| Redes vir predikant se verbintenis tot gemeente | - | - | - | - | - | - | X |
| Sal van gemeente wil verwissel | - | - | - | X | - | X | X |

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gemeente kan nie meer predikant bekostig nie | - | - | - | - | X | X | - |
| Aantal beroepe afgelope 5 jaar ontvang | X | X | X | X | X | X | - |
| Ervaring van aansoek doen vir vakatures | - | - | X | X | X | X | X |
| Ten gunste van verplasing/ruiling | - | - | - | X | - | X | - |
| Ideale tyd in gemeente voor standplaas verander | - | - | - | - | - | X | X |
| Voorkeur vir 'n driejaarberoepstelsel | X | - | - | - | - | - | - |
| Voorkeur m.b.t. beroepprosedure | - | - | - | X | X | - | - |
| Gemeente het diensverhoudinge-kommissie | - | - | - | - | - | - | X |
| Gemeente het versorgingskommissie | - | - | - | - | - | - | X |
| Bestaan van diensooreenkoms | - | - | - | - | X | - | - |
| Tevredenheid met diensooreenkoms | - | - | - | - | X | - | - |
| Gevolge van diensooreenkoms | - | - | - | - | X | - | - |
| Leraar word billik behandel en versorg | - | - | - | - | - | - | X |
| Ondersteuning en hulpverlening aan predikant | - | - | - | - | X | X | - |
| Duidelik omskrewe pligtestaat verkies | - | - | - | X | - | - | - |
| Evalueringsgesprek jaarliks met kerkraad | - | - | - | - | - | - | X |
| Doen gereeld skriftelik verslag aan kerkraad | - | - | - | X | X | X | - |
| Kerkraad se verwagtinge word gereeld bespreek | - | - | - | X | X | X | - |
| Gesprekke met mentor/terapeut/konsultant het nut | - | - | - | - | X | - | - |
| Bereid om in sinodale mentorprogram in te skakel | - | - | - | - | - | - | X |
| Langverlof word vir studie gebruik | - | - | - | X | - | - | - |
| Ure spandeer in week aan bediening | - | - | - | - | - | - | X |
| Ure gewy aan spesifieke bedieningstake | - | - | - | - | - | - | X |
| Afneem van 'n dag per week | - | - | - | - | - | - | X |
| Tyd aan dag se aktiwiteite spandeer | - | - | - | - | - | - | X |
| Leesgewoontes | - | - | - | - | - | - | X |
| Gebruik van rekenaar | - | - | - | X | X | - | - |
| Voorkeur vir elektroniese kerklike inligting | - | - | - | X | - | - | - |
| Fliek/teater gewoontes | - | - | - | - | - | - | X |
| Ander blootstelling om meer vreugde in bediening te ervaar | - | - | - | - | - | - | X |
| Wanneer uitgetree wil word | X | X | X | X | X | X | X |
| Gewilligheid om na 60 of 65 voort te gaan met bediening | X | X | X | X | X | X | - |
| **Werkstevredenheid:** | | | | | | | - |
| Gelukkigheid in gemeente | X | X | X | X | X | X | - |
| Gelukkigheid in Ned. Geref. Kerk | X | X | - | - | - | - | - |
| Gelukkigheid in sosiale omgewing | X | X | - | - | - | - | - |
| Verwagtinge van predikant | X | X | X | X | X | X | - |
| Ervaring van predikant verskil van verwagting | - | - | - | - | - | - | X |
| Aangenaamheid van verskeidenheid van leraarstake | X | X | - | - | - | - | - |
| Geniet werk | - | - | - | X | X | X | - |
| Eie siening bepaal uitvoering van taak | - | - | - | X | X | - | - |

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
| Vlak van tevredenheid oor bedieningsfaktore | - | - | - | - | - | - | X |
| Redes vir probleme waarvoor predikante staan | - | - | - | - | - | - | X |
| Emosionele belewing van bediening | - | - | - | - | - | - | X |
| Bediening veroorsaak persoonlike spanning | - | - | X | X | X | X | - |
| Stres ervaring weens kritiek op werk | - | - | - | - | - | - | X |
| Beleef spanning oor eise van lidmate | - | - | - | - | X | X | - |
| Voel magteloos teenoor al die aansprake | - | - | - | - | X | | - |
| Spanning veroorsaak deur bediening | X | X | - | - | - | - | - |
| Sukkel met aanpassing by snelveranderende omgewing | - | - | - | - | X | X | - |
| Gesondheidstoestand | X | X | - | X | X | X | X |
| Belewing van energievlak | - | - | - | - | - | - | X |
| Beskrywing van verhouding met God | - | - | - | - | - | - | X |
| Beleef laagtepunt in my geestelike lewe | - | - | - | X | X | X | - |
| Ervaring van twyfel in roeping tot bediening | - | - | - | - | - | - | X |
| Eensaam in bediening | - | - | - | - | X | X | X |
| Oorweging om bediening te verlaat | - | - | - | - | - | - | X |
| Voel lus om handdoek in te gooi | - | - | - | X | X | X | - |
| Geniet eggenoot se ondersteuning | - | - | - | X | X | - | - |
| Aansprake op predikantsvrou | X | X | X | X | X | X | - |
| Huweliksmaat kla oor tyd aan bediening spandeer | - | - | - | - | - | - | X |
| Huwelik is gelukkig | - | - | - | - | X | - | - |
| Invloed van bediening op gesin | - | - | - | - | - | - | X |
| Gemeente bied genoeg gesinstyd aan predikant | - | - | - | - | - | - | X |
| Eie kinders is negatief teenoor Ned. Geref. Kerk | - | - | - | X | X | - | - |
| Gevoel oor vergoeding en byvoordele[20] | X | X | X | X | X | - | - |
| Pastorieligging | - | X | - | - | - | - | - |
| Eienaarskap van pastorie | - | X | - | - | - | - | - |
| Algemene peil van pastorie | - | X | - | - | - | - | - |
| Aanbevelings oor pastorie | - | X | - | - | - | - | - |
| **Bedieningsbeoordeling:** | | | | | | | |
| Gemeentekategorie | - | - | - | - | - | X | X |
| Visie verbintenis van gemeente | - | - | - | - | - | - | X |
| Beoordeling van belangrikheid van kerk | - | - | - | - | - | X | - |
| Belangrikheid van kerk in mense se geloofsbeoefening | - | - | - | - | - | X | - |
| Missionêre gemeente | - | - | - | - | - | - | X |
| Huidige bedieningspatroon in gemeente[21] | - | - | X | X | - | X | X |
| Verskille in lidmate se spiritualiteite bemoeilik werk | - | - | - | - | X | X | - |
| Rompslomp in huidige bedieningstruktuur | X | X | X | X | X | - | - |
| Persoonlike voorkeur vir bedieningspatroon | - | - | X | X | - | - | - |
| Voorkeur vir ander bedieningstelsel | X | X | - | - | - | - | - |
| Gespesialiseerdheid in bediening | - | - | - | - | X | - | X |
| Voorkeur vir spesialisering in bediening | - | - | - | - | X | - | - |
| Bedieningstake beste gedoen | - | - | - | - | - | - | X |

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gemeente is tevrede met prediking | - | - | - | X | X | - | - |
| Leesrooster in prediking gebruik | - | - | - | - | - | - | X |
| Eredienste is kindervriendelik | - | - | - | X | X | | - |
| Jongmense en kinders woon graag eredienste en funksies by waar ek leiding neem | - | - | - | - | X | - | - |
| Beoordeling van bediening oor gemeentegrense heen | - | - | - | - | X | X | - |
| Buite-lidmate is ’n las | - | - | - | X | - | - | - |
| Huisbesoek is belangrik | - | - | X | X | X | X | X |
| Het effektiewe bediening vir jongmense en kinders | - | - | - | - | X | - | - |
| Het effektiewe bediening met bejaarde lidmate | - | - | - | - | X | - | - |
| Bestaan van kleingroepbediening | - | - | - | - | - | - | X |
| Beoordeling van kleingroepbediening | - | - | - | - | X | X | |
| Verhouding kleingroepbediening en wyke | - | - | - | - | X | | |
| Gemeentelede se inskakeling by kleingroepbediening | - | - | - | - | X | - | - |
| Beoordeling van kleingroepbediening | - | - | - | - | X | X | |
| Nagmaal behoort in kleingroepbyeenkoms bedien te word | - | - | - | - | - | - | X |
| Mense as fokus vs. Doelgerigtheid as fokus | - | - | - | - | X | - | - |
| Gemeente as familie vs. Gemeente as organisasie | - | - | - | - | X | - | - |
| Verhoudinge tussen gemeentelede en ampte informeel vs. Formeel | - | - | - | - | X | - | - |
| Tug kom tot sy reg | - | - | - | X | - | - | - |
| Gemeente se verwagtinge oor predikant se rol[22] | - | - | - | - | X | X | - |
| Gemeente se verwagtinge lei predikant | - | - | - | X | X | | - |
| Gemeente se verwagting van predikant se leierskapstyl[23] | - | - | X | X | - | - | - |
| Persoonlike voorkeur vir leierskapstyl | - | - | X | X | | | - |
| Gemeente vertrou leraar | - | - | - | - | X | - | - |
| Sake wat belangrik is in aanvaarding van predikant se leierskap | - | - | - | - | - | - | X |
| Leraar beheer gemeentesake vs. Lidmate beheer gemeentesake | - | - | - | - | X | - | - |
| Inisiatief vanaf leraars vs. Inisiatief vanaf lidmate | - | - | - | - | X | - | - |
| Aktiveer lidmate tot diens | - | - | - | - | X | - | - |
| Beoordeling van hoe gemeente predikant en predikant se rol evalueer | - | - | - | - | - | X | - |
| Gemeente gee leraar ruimte vir vernuwing | - | - | - | - | X | - | - |
| Gemeente sien leraar se werk as roeping van God | - | - | - | - | X | - | - |
| Gemeente sien leraar as een wat God se wil bekend maak | - | - | - | - | X | - | - |
| Leraar voer besluite uit vs. Lidmate voer besluite uit | - | - | - | - | X | - | - |

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
| Delegering van take aan ouderlinge en diakens | X | X | X | X | X | - | - |
| Goeie passing tussen gemeente en leierskap | - | - | - | - | - | - | X |
| Moraal in gemeente is hoog | - | - | - | - | - | - | X |
| Gemeenskaplike belang van gemeente vs. Individuele belang van lidmate | - | - | - | - | X | - | - |
| Verhoudinge in gemeente opreg en warm vs. Verhoudinge is koud en klinies | - | - | - | - | X | - | - |
| Lidmate aan mekaar verbonde vs. Lidmate op privaatheid ingestel | - | - | - | - | X | - | - |
| Voorkoms van konflik in gemeente | - | - | - | - | - | - | X |
| Konflikpunte in gemeente | - | - | - | - | - | - | X |
| Predikant is bekwaam om mense te begelei deur huidige veranderings | - | - | - | - | - | X | - |
| Gemeente is bereid om te verander om uitdagings die hoof te bied | - | - | - | - | - | - | X |
| Gemeente is altyd gereed om iets nuuts te probeer | - | - | - | - | - | - | X |
| Gemeenskapsprojekte geloods | - | - | - | - | - | - | X |
| Eie sosiale betrokkenheid | - | - | - | - | - | - | X |
| Betrokkenheid by MIV/VIGS, geweld, rassisme, armoede, seksisme, gesinskrisisse, misdaad | - | - | - | - | - | - | X |
| Beskouing oor homoseksualiteit | - | - | - | - | - | - | X |
| Lidmate raak meer onbetrokke in gemeente | - | - | - | - | X | X | X |
| Lidmate onttrek hulle aan gemeente | - | - | - | - | X | X | X |
| **Kerklike funksionering:** | | | | | | | |
| Beskouing oor of Ned. Geref. Kerk in identiteitskrisis is | - | - | - | - | - | - | X |
| Ringsitting is positief beleef | - | - | - | X | X | X | X |
| Verhouding met ringskollegas is positief | - | - | - | - | - | - | X |
| Streeksinode is positief beleef | - | - | - | X | X | X | X |
| Streeksinode kan verklein word | - | - | - | X | X | - | - |
| Elke gemeente hoef nie op streeksinode verteenwoordig te wees nie | - | - | - | X | X | - | - |
| Algemene Sinode bevorder Ned. Geref. Kerk-identiteit | - | - | - | - | - | X | - |
| Algemene Sinode hanteer sake buite sy terrein | - | - | - | X | X | - | - |
| Algemene Sinode is uit voeling met gemeente | - | - | - | X | X | - | - |
| Algemene Sinode staan gemeentes by, skryf nie voor nie | - | - | - | - | X | - | - |
| Berus by Algemene Sinode se besluite | - | - | - | X | X | - | - |
| Verhouding met kollegas in sinode is positief | - | - | - | - | - | - | X |
| Kerkvergaderings is geestelik opbouend | - | - | - | X | X | - | - |
| Kerkvergaderings se besluite moet met konsensus geneem word | - | - | - | X | X | - | - |

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
| Kry sinvolle hulp van breër kerklike strukture | - | - | - | - | X | - | - |
| **Ekumene:** | | | | | | | |
| Verskillende godsdienste bied waarheid | - | - | - | - | - | - | X |
| Beskouing oor Gereformeerdheid | - | - | - | - | - | - | X |
| Houding teenoor kerkeenheid | - | - | - | - | - | - | X |
| Strukturele eenheid is Bybelse opdrag | - | - | - | X | X | X | - |
| Verskillende Ned. Geref. Kerke is sonde | - | - | - | X | X | X | - |
| Sigbare eenheid moet in Ned. Geref. Kerkfamilie kom | - | - | - | X | X | X | X |
| Ringe se kontak in Ned. Geref. Kerkfamilie | - | - | - | - | - | - | X |
| Gemeente se ekumeniese skakeling | - | - | - | X | X | X | - |
| Afstandskaal met Ned. Geref. Kerkfamilie lidmate | - | - | - | X | X | X | - |
| Kontak met ander Ned. Geref. Kerkfamilie gemeente en aard van skakeling | - | - | - | - | - | - | X |
| Gesamentlike eredienste in Ned. Geref. Kerkfamilie bygewoon | - | - | - | X | - | - | - |
| Omvang van kontak met leraars van ander kerke/ekumeniese gespreksgroepe | - | - | - | X | X | X | X |
| Wat deelname aan ekumeniese gespreksgroepe behels | - | - | - | - | - | - | X |
| Gemeente moet self besluit oor kerkvereniging | - | - | - | X | X | X | - |
| Gemeente nie gereed vir kerkvereniging nie | - | - | - | X | - | X | - |
| Vereniging moet gemeente se samestelling nie raak nie | - | - | - | X | X | X | - |
| Oorweging van eenwording met 'n Ned. Geref. Familie kontak gemeente en gesprekvoering met hulle oor die Belhar-belydenis | - | - | - | - | - | - | X |
| Bereidheid om Belhar-belydenisskrif te aanvaar | - | - | - | - | X | X | X |
| Inligtingstuk "Sodat almal een kan wees ..." gelees | - | - | - | X | - | - | - |
| **Samelewingsbeoordeling:** | | | | | | | |
| Beeld van NG Kerk in samelewing | - | - | - | - | - | X | - |
| Evangeliese vs. Sosiale rol van kerk | - | - | - | - | - | X | - |
| Kerk se rol om kommentaar oor reg en onreg te lewer | - | - | - | - | - | X | - |
| NG Kerk word nie meer in gemeenskap as rolspeler geag nie | - | - | - | - | X | X | - |
| Godsdiens speel al kleiner rol in mense se lewens | - | - | - | - | X | X | X |
| Mense pas geloofsopvattings aan by veranderende wêreld | - | - | - | - | X | X | X |
| Dit gaan goed in ons land | - | - | - | - | X | - | - |
| Is gefrustreerd oor wat in land gebeur | - | - | - | - | X | - | - |
| Mense in ons land is moedeloos | - | - | - | - | X | - | - |

| Temas van vrae | Vraelys vir predikante 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geweld in land beïnvloed my werk negatief | - | - | - | - | X | X | - |

Die hoofveranderings in die kategorieë in Tabel 6 kan soos volg uitgelig word:

- In die kategorie "biografiese data, agtergrond en opleiding" het voortgesette teologiese opleiding (VTO) sedert 1996 belangrik geword, teologiese opleiding is in 1996 die laaste keer beoordeel en in 2006 is ruimte gegee vir vrae oor diversiteit in teologiese en Bybelbeskouings en jeugjare se invloed op roeping.
- Die kategorie "beroepsposisie en -beoordeling" toon duidelik wat gebeur wanneer ʼn vraelys as meetinstrument nie doelgerig is nie. Vrae kom en gaan en word later lukraak herhaal. In hierdie kategorie is die predikant se posisie in die gemeente belangrik, het belangstelling in skuiwe tussen standplase in die 2004-vraelys verdwyn, was diensverhoudingsake tussen 1996 en 2004 belangrik terwyl die versorging van predikante sedert 2006 sterk na vore getree het.
- Predikante se werkstevredenheid was op verskillende wyses hoog op die agenda van al die Kerkspieëls. Hierin is ʼn skuif in die temas merkbaar van strukturele knelpunte na emosionele druk na vertwyfeling. Dit veronderstel ʼn diepgaande verandering by die opstellers van die Kerkspieëls oor die gronde van werkstevredenheid by predikante.
- Ook in die kategorie "bedieningsbeoordeling" kom sedert 1996 ʼn skuif voor vanaf strukturele beoordeling na plooibaarheid in die bediening na leierskap en gemeentebetrokkenheid in 2006. Kleingroepbediening was in 2000 sterk in die kollig maar het daarna weer minder belangrik geword.
- Die kategorie "kerklike funksionering" het eers temas gekry sedert 1996 en daarna het ʼn skuif plaasgevind vanaf kerklike operering tot kerklike verhoudings in 2006.
- Die kategorie "ekumene" het eers in 1996 temas gekry. Hierin het ʼn uitbreiding plaasgevind vanaf houdings oor kerkeenheid tot houdings oor ekumene en gesprekvoering in 2006. Die kategorie "samelewingsbeoordeling" het in 2000 temas gekry. Waar dit aanvanklik ʼn breë evaluering van die samelewing was, het dit in 2004 ʼn fokus op die verhouding tussen kerk en samelewing gekry en in 2006 is dit gefokus op die kwesbaarheid van godsdiens in ʼn veranderende wêreld.

As gekyk word na die voortdurende en ingrypende wysigings aan die vrae en stellings in die vraelys aan predikante, kan waarskynlik met reg gevra word of die Ned. Geref. Kerk helderheid het oor wat ʼn kerk is en wat die rol van ʼn predikant daarin is. Die plek van hierdie pragmatisme in ʼn veronderstelde ekklesiologie is nie duidelik nie.

## 8. LEIERSKAP- EN EREDIENSVRAELYS

Die leierskapvraelys en erediensvraelys is met Kerkspieël 2006 ingevoer. Geen doelstelling, motivering of verduideliking kon daarvoor gevind word nie. Dit is dus nie duidelik watter funksie van inligtingsinsameling hierdie vraelyste in die Kerkspieëlprojek moes vervul nie. Die leierskap- en erediensvraelys is grootliks dieselfde, daarom word die inhoud van hierdie vraelyste in Tabel 7 saam getematiseer en gekategoriseer. Die kategorieë is "persoonlike besonderhede, persoonlike bedieningsbeoordeling, gemeente bedienings- beoordeling en ekumeniese houding".

**Tabel 7:** Leierskap- en erediensvraelys

| Temas van vrae | Kerkspieël 2006 | |
|---|---|---|
| | Leierskapvraelys | Erediensvraelys |
| **Besonderhede:** | | |
| Posisie in gemeente | X | - |
| Ouderdom | X | X |
| Geslag | X | X |
| Huwelikstatus | X | X |
| Opvoedkundige kwalifikasie | - | X |
| Beroep | X | - |
| Wyse waarop tot geloofsoortuiging gekom is | X | X |
| Aard van verhouding met God | X | ? |
| Fokus in verhouding tot God | ? | X |
| Persoonlike siening van Bybel | X | X |
| Hou van persoonlike stiltetyd | X | X |
| Mate van geloofsgroei afgelope jaar | X | X |
| Inskakeling by ander gemeentes voorheen | - | X |
| Inskakeling by watter gemeentes/kerke voorheen | - | X |
| Posisies wat in gemeente beklee word | - | X |
| Tyd om te reis van blyplek tot gemeente | - | X |
| Hoe lank al eredienste in hierdie gemeente bywoon | - | X |
| Gereeldheid van erediensbywoning | X | X |
| Deelname aan groepaktiwiteite in gemeente | - | X |
| Eie betrokkenheid by gemeenskapsdiens | X | X |
| **Bedieningsbeoordeling: Persoonlik** | | |
| Lidmaatstatus in gemeente waarin erediens bygewoon word | - | X |
| Voorkeur aan geloofsbenaderings | X | X |
| Geestelike behoeftes word in gemeente bevredig | X | X |
| Verandering in deelname aan gemeente | X | X |
| Belewing van band met gemeente | - | X |
| Betrokkenheid by besluitnemingsprosesse in gemeente | X | X |
| Finansiële bydrae tot gemeente | X | X |
| Belewinge in erediens | X | X |
| Eredienste en gemeente-aktiwiteite se ondersteuning in alledaagse lewe | X | X |
| Persoonlike waarde wat geput word uit eredienste en gemeente-aktiwiteite | X | X |
| Voorkeur in musiekstyle in erediens | X | X |
| Voorkoms van vriende in gemeente | - | X |
| Bereidheid om geloof met ander te deel | X | X |
| Bereidheid om ander na gemeente uit te nooi | X | X |
| **Bedieningsbeoordeling: Gemeente** | | |
| Visie en doelwitte van gemeente | X | X |
| Taak van gemeente | X | X |
| Voorkeur vir toekomstige rigting van gemeente | X | X |
| Opgewondenheid oor toekoms van gemeente | X | X |
| Gemeente se gereedheid om iets nuuts te probeer | X | X |
| Beskrywing van dinamika in gemeente | X | X |
| Gemeente se aanmoediging om gawes te ontdek | X | X |
| Gemeente se betrokkenheid by jongmense | X | X |
| Gemeente se diens aan breër samelewing | X | X |

| Temas van vrae | Kerkspieël 2006 | |
|---|---|---|
| | **Leierskapvraelys** | **Erediensvraelys** |
| Gemeente se betrokkenheid by sosiale vraagstukke | X | - |
| Sendingbeskouing van gemeente | X | - |
| Publieke betrokkenheid | X | X |
| Passing van gemeente en predikant | X | X |
| Leierskapstyl van predikant | X | X |
| Aard van predikant se rol in gemeente | X | X |
| Predikant se inagneming van lidmate se idees | X | X |
| Konflik in gemeente | X | X |
| **Ekumeniese houding:** | | |
| Houding teenoor godsdienste om waarheid te vind | X | X |
| Houding teenoor kerkeenheid | X | - |
| Voorkeure oor NG Kerkfamilie en eenheid | X | - |
| Bereidheid om NG Kerkfamilie lidmate van ander bevolkingsgroepe te aanvaar | X | - |

In die kategorie "besonderhede" is persoonlike inligting van die respondente versoek. Benewens demografiese inligting is ook inligting gevra oor godsdiensbeoefening en in geval van die erediensvraelys ook met betrekking tot mobiliteit. Die temas in die leierskap- en erediensvraelys was dieselfde in die kategorie "bedieningsbeoordeling: persoonlik". In hierdie kategorie is gefokus op betrokkenheid by bediening, in die kategorie "bedieningsbeoordeling: gemeente" was die temas vir die 2 vraelyste weereens grootliks dieselfde. In hierdie kategorie was die fokus op 'n beoordeling van die gemeente en predikant se bediening. In die laaste kategorie "ekumeniese houding" het die leierskapvraelys op kerkeenheid gefokus en beide vraelyste het 'n tema gehanteer oor die houding teenoor godsdienste in die algemeen.

As die leierskapvraelys met die vraelys vir kerkraadslede/hulpwerkers vergelyk word, is dit opvallend dat die beoordeling van en beskouings oor die bedieningstruktuur ontbreek. Temas oor die verhouding van die kerk met die samelewing kom ook nie meer voor nie. Temas wat ook in hierdie vraelyste ontbreek terwyl dit in ander verwante vraelyste belangrik is, is "barmhartigheid en evangelisasie" (belangrik in die wyksvraelyste) en "kleingroepbediening" (belangrik in die gemeentevraelys). As dus na die temas van al die vraelyste gekyk word, wil dit voorkom asof die Kerkspieël-vraelyste nie as komplimenterende, triangulerende en geïntegreerde meetinstrumente gekonstrueer is nie. Lukraakheid blyk 'n belangrike rol te gespeel het in die opstel van die vraelyste.

## 9. PREDIKANTSVROU-/EGGENOOTVRAELYS

Vir Kerkspieël 1989 is 'n vraelys vir predikantsvroue ingevoer weens "verskeie opdragte en versoeke dat 'n peiling van die omstandighede en belewenis van die predikantsvrou gedoen moet word" (KS 1989, 1). Die doel was om verskillende aspekte van die taak van die predikantsvrou te ondersoek (KS 1989, 163). In 2004 het 'n onderafdeling van die predikantsvraelys oor die eggenoot van die predikant gehandel. Daardie afdeling word hier met die 1989 vraelys vergelyk. Die kategorieë waarin die temas van hierdie vraelyste ingedeel is, is persoonlike besonderhede, impak van bediening en pastorie.
[Die verwysing 24 in tabel 8 verskyn as endnota 24 aan die einde van die artikel.]

**Tabel 8:** Predikantsvrou-/eggenootvraelys

| Temas van vrae | Vraelys/vrae vir predikantsvrou/ eggenoot | |
|---|---|---|
| | 1989 | 2004 |
| **Besonderhede:** | | |
| Ouderdom | X | - |
| Jare getroud | X | - |
| Hoogste onderwyspeil | X | - |
| In beroep (voltyds of deeltyds) | X | - |
| Besonderhede van kinders (ouderdom en geslag) | X | - |
| Tydsverdeling aan take (huislik, gemeente, ens.) | X | - |
| **Impak van bediening:** | | |
| Vrou se verantwoordelikheid in bediening | X | - |
| Invloed van man se predikantsamp op vrou | X | - |
| Huweliksmaat van predikant beleef bediening positief | - | X |
| Huweliksmaat van predikant is opgewonde oor toekoms saam in bediening | - | X |
| Konflik tussen rol as moeder en predikantsvrou | X | - |
| Huweliksmaat van predikant beleef frustrasie as gevolg van bediening | - | X |
| Positiewe of negatiewe invloed van bediening op huwelik | - | X |
| Kerk ondersteun huweliksmaat van predikant genoegsaam | - | X |
| Invloed van man se predikantsamp op gesin | X | - |
| Gesin beleef eise van bediening positief | - | X |
| Gemeente ondersteun gesin genoegsaam | - | X |
| Kerkraad ondersteun gesin genoegsaam | - | X |
| **Pastorie:** | | |
| Pastorie se ligging | X | - |
| Wagspasie in pastorie | X | - |
| Toilette[24] in pastorie | X | - |
| Kombuisligging in pastorie | X | - |
| Eethoekie in kombuis | X | - |
| Spens in pastorie | X | - |
| Gesinskamer vir gesin in pastorie | X | - |
| Privaathoekie vir gesin in pastorie | X | - |

Soos in vorige vraelyste speel struktuur in die 1989-vraelys nog ŉ groot rol. Die pastorie word pertinent behandel en die vrou se verantwoordelikheid as predikantsvrou word veronderstel wat insluit om die gesin teen die eise van die man se predikantsamp te beskerm. Die 2004-vraelys toon ŉ skuif na temas wat met ondersteuning verband hou. Dit blyk ŉ voorloper te wees vir die skuif na versorging van die predikant wat in 2006 in die predikantsvraelys na vore getree het.

## 10. GEVOLGTREKKING

Die voorafgaande tabelle bied vir ŉ navorser ŉ uitvoerige oorsig oor al die temas wat in die verskillende kerkspieëls se vraelyste voorgekom het. Dit word aangebied as ŉ ontsluitingsmeganisme wat hopelik sekondêre navorsing op die Kerkspieëls se inligting kan bevorder. ŉ Navorser kan dus sien watter temas kom by watter opnames en vraelyste voor en dan daardie inligting gebruik vir verdere ontleding of vergelyking met ander navorsing wat onderneem is.

Die voorafgaande bespreking toon verder aan dat die vraelyste in die Kerkspieëls oor tyd ingrypende temaveranderings deurgemaak het. Hierdie veranderings weerspieël waarskynlik klemverskuiwings wat in die Ned. Geref. Kerk voorgekom het. Die probleem is egter dat hierdie veranderings nie teoreties begrond is nie. Reeds vanaf Kerkspieël 1985 het die Kerkspieël-

opnames wegbeweeg daarvan om slegs ’n sosio-demografiese opname te wees, maar het dit meerdoelig geword. Hierdie meerdoeligheid is nie teoreties verantwoord of konseptueel bedink nie en logiese denklyne is nie getrek tussen die konsepte en die vrae/stellings in die vraelyste wat indikatore van die konsepte is nie. Dit veroorsaak dat die vraelyste se geldigheid en betroubaarheid as meetinstrumente bevraagteken kan word. Sedert 2004 is ook meer van oop vrae gebruik gemaak wat die ondersoekdoelwit skuif van beskrywende navorsing na ook ondersoekende navorsing. Konseptueel hou dit belangrike implikasies in vir die Kerkspieël-projek wat in die doelstellings en teoretisering ondervang behoort te word.

Wat die verandering in temas in die vraelyste aanbetref, is dit duidelik dat in die Kerkspieël-opnames klemskuiwe voorgekom het. Die vernaamste veranderings word in Tabel 9 aangebied. Die beskrywings onder die jaartalle van die verskillende Kerkspieëls dui aan: (1) kontraste binne Kerkspieël-vraelyste wat deur kontrasterende inskrywings in dieselfde ry aangedui word of (2) nuwe temas wat in die Kerkspieël-vraelyste ingevoeg is as ’n inskrywing alleen in ’n ry staan. Die grys gedeeltes in die tabel se rye dui aan in watter Kerkspieël-opnames die temas se inskrywings in die ry nie voorgekom het nie.

**Tabel 9:** Opsomming van vernaamste veranderings

| | **Kerkspieëls** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1981 | 1985 | 1989 | 1993 | 1996 | 2000 | 2004 | 2006 |
| Kerkstruktuur | Groei | | | | | | Inkrimping | |
| | Struktuur | | | | Houdings oor struktuur | | | |
| | Kerkraadskommissies | | | | | | Aard van kerkraadsvergaderings | |
| | | | | | Lidmate buite gemeentegrense | | | |
| | | | | | Diversiteit in bedieningshulp | | | |
| Bedienings | Bedieningstruktuur | | Paslikheid van bediening in lig van behoeftes | | | | | |
| | | | | | Diversiteits-evaluering van strukture | | | |
| | | | | Kategesemateriaal | | | | |
| | Strukturering van erediens | | | Diversiteit in erediens | | | | |
| | | | | | | Kleingroepbediening | | |
| | | | | | | | | Verhoudings |
| Barmhartigheid | Hulpverleniging/alimentasie | | | | | | Projekte | |
| | | Buitebesteding van finansies | | | | | | |
| | | | Huweliksverwante sake | | | | | |
| Ekumene en samelewing | | | Rasse-afstandskaal | | Houding oor kerkeenheid | | | Houding oor ekumene en gespreksvoering |
| | | | | | | Samelewingsimpak op die kerk | | |
| Predikant | Strukturele knelpunte | | Emosionele druk | | | | | Vertwyfeling |
| | | | | | Diensverhoudingsake | | | Versorging |
| | | | | | | | | Diversiteit in teologiese en Bybelbeskouing |
| | | | | | VTO | | | |

Tabel 9 toon aan hoe die Ned. Geref. Kerk se uitdagings vanaf 1981 verander het. Van ŉ groeiende kerk het dit ŉ krimpende kerk geword en word struktuur minder beklemtoon en eerder by die behoeftes van lidmate aangepas. Hierdie behoeftes word as uiteenlopend geïnterpreteer. Daarby het die bedieningsfokus meer na verhoudingsgebaseer as struktuurgebaseer verskuif. By barmhartigheid het projekte belangrik geword. Van ŉ rasgebaseerde beskouing het ŉ skuif na houdings oor ekumene plaasgevind. En laastens het by predikante skuiwe plaasgevind vanaf ŉ ervaring van strukturele knelpunte na emosionele druk na vertwyfeling. Laasgenoemde kan verband hou met die nuwe tema oor diversiteit in teologiese en Bybelbeskouings wat in 2006 ingevoer is. Moontlik was die kerk se antwoord daarop aanvanklik die VTO en later bestuur van diensverhoudinge, terwyl die klem nou geskuif het na die versorging van die predikant.

Die Kerkspieël-opnames vertoon dus die klemverskuiwings in die Ned. Geref. Kerk sedert 1981. Ongelukkig ontbreek in die Kerkspieëls-projek ŉ teoretiese fundering wat hierdie veranderings behoorlik konseptualiseer sodat ŉ meer betekenisvolle analise daarvan gemaak kan word. Dit dra waarskynlik by tot die verskynsel in die vraelyste dat die temas onafhanklik van mekaar voorkom. Diversiteit word nie met kategesemateriaal of kleingroepbediening in verband gebring nie. Barmhartigheid en ekumene staan onafhanklik van mekaar. Só word die emosionele druk van predikante en die sake rakende diensverhoudinge en VTO nie met mekaar in verband gebring nie. ŉ Hegte teoretiese raamwerk[9] sou beter integrasie tussen vraelyste en temas in vraelyste tot gevolg gehad het. Dan sou die doelstelling van elke vraelys helder gewees het en elke vraag of stelling as indikator sou dan konseptueel behoorlik met mekaar in verband gebring kon word.

## BIBLIOGRAFIE


Babbie, E, 2007, *The Practice of Social Research.* Eleventh edition. Belmont: Thomson.

Bailey, KD, 1994, *Methods of Social Research.* New York: The Free Press.

Buckingham, A en Saunders, P 2004. *The Survey Methods Workbook.* Cambridge: Polity Press.

Groves, RM, Fowler, FJ (jnr.), Couper, MP, Lepkowski, JM, Singer, E and Tourangeau, R, 2009, *Survey Methodology.* Hoboken: John Wiley & Sons.

Hendriks, HJ, 1992, *Strategiese beplanning in die gemeente: die beginsels & praktyk van gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

KS1981 sien Van Eeden, IJ, Coetzee CH, Nel, M, Prins, JG en Smuts jnr M 1982.

KS1985 sien Van Eeden, IJ en Smuts, M 1986.

KS1989 sien Schoeman, WJ en Smuts, M 1989.

KS1993 sien Schoeman, WJ en Bisschoff, JH 2004.

KS1996 sien Olivier, GC, Schoeman, WJ, Smuts, M en Bisschoff, JH 1996.

KS2000 sien Schoeman, WJ en Bisschoff, JH 2000.

KS2004 sien Schoeman, WJ en Bisschoff, JH 2004.

Olivier, GC, Schoeman, WJ en Smuts, M 1993. *Kerkspieël IV.* Pretoria: Ongepubliseerde verslag.

Olivier, GC, Schoeman, WJ, Smuts, M en Bisschoff, JH 1996. *Kerkspieël V.* Pretoria: Ongepubliseerde verslag.

Schoeman, WJ en Bisschoff, JH 2000. *Kerkspieël 2000. Metodologiese verantwoording.* Pretoria: Ongepubliseerde verslag.

Schoeman, WJ en Bisschoff, JH 2004. *Kerkspieël 2004. Metodologie.* Pretoria: Ongepubliseerde


9 ŉ Hegte teoretiese raamwerk beteken dat in ŉ empiriese navorsing soos die Kerkspieëls die teologiese teorieë, konseptualisering en operasionalisering in direkte verband met mekaar moet staan. In ŉ hegte teoretiese raamwerk is die verband tussen teorie, verbandhoudende konsepte en die indikatore baie duidelik. ŉ Voorbeeld hiervan is die Gemeenteprofiel-vraelys in Hendriks, 1992, 217-237.

verslag.
Schoeman, WJ en Smuts, M 1989. *Kerkspieël III.* Pretoria: Ongepubliseerde verslag.
Schoeman, K en Bisschoff, J 2008. Die plek van Kerkspieël in *Kruisgewys,* April 2008, 8/2, Wellington: Bybel-Media.
Schoeman, K 2007. *The Congregational Life Survey in a South African church: strengths and weaknesses.* Pretoria: Ongepubliseerde referaat.
Van Eeden, IJ en Smuts, M 1986. *Kerkspieël II.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Tvl.
Van Eeden, IJ, Coetzee, CH, Nel, M, Prins JG en Smuts jnr M 1982. *Kerkspieël.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Tvl.

**TREFWOORDE**
Kerkspieël
Kerknavorsing
Ekklesiologie
Verandering
Vraelys
Betroubaarheid
Geldigheid

**KEY WORDS**
Kerkspieël
Church research
Ecclesiology
Change
Questionnaire
Reliability
Validity

Prof SJ Zaaiman
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Privaatsak X 6001
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom 2531
Tel 018 299 1627
Johan.Zaaiman@nwu.ac.za

(Footnotes)
1 *Kerkspieël 1981 het ook gevra oor die aantal lidmate wat aan sektes afgestaan is.*
2 *Vanaf 1989 was 'n onderafdeling van hierdie vraag die hoeveelheid lidmate wat oorgegaan het na die Afrikaanse Protestantse Kerk. Die ander kerke was "Ned. Herv. en Geref. Kerke". Vanaf Kerkspieël 2004 is bygevoeg "'n charismatiese kerk/groep".*
3 *In 2006 is bloot gevra watter kategesemateriaal gebruik word.*
4 *In Kerkspieël 1989 was ook gevra hoeveel naweke die koshuiskinders by hulle tuisgemeente is, maar die vraag is laat vaar in Kerkspieël 1993.*
5 *Tot Kerkspieël 1993 is net gevra hoeveel diakens is dames, vanaf Kerkspieël 1996 is ook gevra hoeveel ouderlinge is dames.*
6 *Kerkspieël 2006 vra ook of jong leiers in die gemeente gebruik en toegerus word.*

*7 G.o. word hier as afkorting vir gemeenskapsontwikkeling gebruik.*

*8 Soort besoekpunte is huise, woonstelle, tehuise vir bejaardes, kindertehuise/plekke van veiligheid en bewaring, inrigtings en koshuise.*

*9 Aanvanklik was dit afgelope 6 maande, maar vanaf Kerkspieël 1993 was dit afgelope 12 maande.*

*10 Aktiwiteit is skoolgaande, voltydse student, werkend of ander.*

*11 Tot en met Kerkspieël 1993 was hierdie vraelyste net vir kerkraadslede. Vanaf Kerkspieël 1996 het die vraelyste ook vir hulpwerkers gegeld.*

*12 Die tydskrif se titel is tans Lig.*

*13 VTO staan vir Voortgesette Teologiese Opleiding, ook bekend as VBO (Voortgesette Beroepsopleiding).*

*14 Vanaf Kerkspieël 2004 is gevra na totale aantal lidmate (doop en belydend)*

*15 In Kerkspieël 2004 is die kategorieë gebruik van "Gemeentepredikant, kapelaan, tentmaker, pastorale hulp, predikant in sinodale diens, dosent aan teologiese fakulteit, jeugwerker, ander".*

*16 In Kerkspieël 1993 is hierdie vraag herhaal. Vraag 2.8.1 lui: "Hoeveel ander leraars werk saam met u in die gemeente?" en vraag 5 "Het u tans 'n medeleraar?" Vanaf Kerkspieël 1996 is net die laaste vraag gevra.*

*17 In Kerkspieël 1993 is die verhouding met die medeleraar beoordeel in lig van "duidelike werksverhouding, samewerking tussen leraarspare, spanning tussen leraars, beperkings op inisiatief, spangees, voorkeur vir eenmansgemeente".*

*18 Voorkeure wat vir spesialisering gestel was: "Kategese, pastoraat, prediking, huisbesoek, bejaardesorg, hospitaalbesoek, musiekbediening, jeugwerk, toerusting en administrasie".*

*19 Velde vir leiding is: "Vrouediens/aksie, JKJA, Bybelstudiegroep, Koor, ander aktiwiteite".*

*20 In Kerkspieël 1993 is onderskei tussen "traktement, reistoelae, pensioenvoordele, mediese voordele, behuising, verlof, studiegeleenthede".*

*21 Bedieningspatrone is: "Kerkraad van ouderlinge en diakens, kerkraad van ouderlinge en diakens in blokverband, blokke met ouderlinge en diakens en dienswerkers wat ouderlinge en diakens se werk doen, ander."*

*22 Gemeenteverwagtinge: "Priester, prediker, toeruster, profeet".*

*23 Leierskapstyle is "institusionele leier, prediker, toeruster en profeet".*

*24 In die vraelys word toilette "spoelklosette" genoem.*